

GERIG OP HOOP, VERTROUE, EN 'N BETER TOEKOMS VIR ALMAL

"Krisisse is nuttig. Hulle dwing jou om die werklikheid onder oë te sien en meer kreatief na oplossings te soek. Hierdie nasionale krisis moenie verkwis word nie, en ek glo dat ons deur samewerking en met gedeelde toewyding deur ons huidige uitdagings kan werk om weer eens Suid-Afrika se enorme potensiaal te vind." ***Minister Gordhan***

Hierdie omsendbrief dek slegs veranderings en voorstelle in die Begrotingsrede wat op die finansiële beplanningsomgewing van toepassing is.

1. Persoonlike Inkomstebelasting

Gedurende die afgelope paar jaar is belastingskale gestruktureer op die grondslag dat individue se koopkrag jaar na jaar behou word. Weens fiskale beperkings kon die Minister vanjaar egter net gedeeltelike pariteit verseker en vir persone in die laer en middel-inkomstegroepe verligting bring. Dit is interessant dat die sekondêre en tersiêre kortings dieselfde gebly het.

Die tabel hieronder illustreer die aangepaste belastingskale van toepassing op individuele belastingbetalers en spesiale trusts vir die 2016/2017-belastingjaar.

Belastingkoerse vir natuurlike persone en spesiale trusts: 2016/2017-belastingjaar	
Belasbare Inkomste	**Belastingkoers**
R0 - R188 000	18% van elke R1
R188 001 - R293 600	R33 840 + 26% van die bedrag bo R188 000
R293 601 - R406 400	R61 296 + 31% van die bedrag bo R293 600
R406 401 - R550 100	R96 264 + 36% van die bedrag bo R406 400
R550 101 - R701 300	R147 996 + 39% van die bedrag bo R550 100
R701 301 en meer	R206 964 + 41% van die bedrag bo R701 300

Belastingkortings		
	2015/2016-belastingjaar	**2016/2017-belastingjaar**
Primêre korting	R13 257	R13 500
Sekondêre korting (ouderdom 65 tot onder 75)	R7 407	R7 407
Tersiêre korting (ouderdom 75 en ouer)	R2 466	R2 466

Belastingdrempels		
	2015/2016-belastingjaar	**2016/2017-belastingjaar**
Onder ouderdom 65	R73 650	R75 000
Ouderdom 65 tot onder 75	R114 800	R116 150
Ouderdom 75 en ouer	R128 500	R129 850

Dit beteken dat belastingbetalers wat minder as hierdie drempels verdien, geen inkomstebelasting in die 2016/2017-belastingjaar sal betaal nie.

Die voorbeelde hieronder illustreer die impak van die voorgestelde veranderings op individue jonger as 65:

Belastingimpak vir persone jonger as 65				
Belasbare inkomste (R)	**2015/16-koerse (R)**	**Voorgestelde 2016/17-koerse (R)**	**Belasting-veranderin g (R)**	**% verandering**
150 000	13 743	13 500	-243	-1.8%
200 000	24 191	23 460	-731	-3.1%
250 000	37 191	36 460	-731	-2.0%
300 000	50 986	49 780	-1 206	-2.4%
400 000	82 326	80 780	-1 546	-1.9%
500 000	118 326	116 460	-1 866	-1.6%
750 000	215 297	213 431	-1 866	-0.9%
1 000 000	317 797	315 931	-1 866	-0.6%

2. Kapitaalwinsbelasting (KWB)

Die volgende veranderings geld vanaf 1 Maart 2016:

- Insluitingskoerse:
  - individue en spesiale trusts: styg van 33.3% tot 40%
  - Maatskappye: styg van 66.6% tot 80%
  - Trusts (buiten spesiale trusts): styg van 66.6% tot 80%.

  As gevolg van die aanpassing van die insluitingskoerse styg die effektiewe kapitaalwinsbelastingkoers soos volg:
  - Individue en spesiale trusts: van maksimum 13.7% tot 16.4%
  - Maatskappye: van 18.6% tot 22.4%
  - Trusts: van 27.3% tot 32.8%.
- Die jaarlikse uitsluiting vir individue word van R30 000 tot R40 000 verhoog. Die uitsluiting van R300 000 wat in die jaar van afsterwe van toepassing is, bly onveranderd.

Dit sal alle beleggings raak, behalwe Belastingvrye Spaarrekeninge en beleggings wat gehou word deur aftreefondse en ander entiteite wat van belasting vrygestel is.

3. Rentevrystelling

Die vrystellingsdrempel vir rente is nie verander nie, as gevolg van die Belastingvrye Spaarrekeninge wat op 1 Maart 2015 ingestel is (sien punt 8 hierna). Die vrygestelde bedrae bly dus soos volg:

- R23 800 per jaar vir belastingbetalers wat jonger as 65 is, en
- R34 500 per jaar vir belastingbetalers van 65 jaar en ouer.

Die verwagting is dat hierdie bedrae in die toekoms onveranderd sal bly.

4. Belasting van Klein Sakeondernemings

Die belastingkoerse vir **klein** sakeondernemings (met bruto inkomste onder R20 miljoen) vir finansiële jare eindigende op enige datum tussen 1 April 2016 en 31 Maart 2017 is soos volg:

Belastingtabel van toepassing op klein sakeondernemings	
Belasbare inkomste (R)	**Belastingkoers (R)**
R0 - R75 000	0% van belasbare inkomste
R75 001 - R365 000	7% van belasbare inkomste bo R75 000
R365 001 - R550 000	R20 300 + 21% van belasbare inkomste R365 000
R550 001 en meer	R59 150 + 28% van die bedrag bo R550 000

Die belastingkoerse vir **mikro**-ondernemings (met omset van hoogstens R1 miljoen per jaar) vir finansiële jare eindigende op enige datum tussen 1 April 2016 en 28 Februarie 2017 is soos volg:

Belastingtabel van toepassing op omset van mikro-ondernemings	
Belasbare inkomste (R)	**Belastingkoers (R)**
R0 - R335 000	0% van belasbare omset
R335 001 - R500 000	1% van die belasbare omset bo R335 000
R500 001 - R750 000	R1 650 + 2% van die belasbare omset bo R500 000
R750 001 - R1 000 000	R6 650 + 3% van die belasbare omset bo R750 000

Ter aanvulling van hierdie verligting, het die Suid-Afrikaanse Inkomstediens onder meer hulptoonbanke vir klein ondernemings by sy inkomstekantore op die been gebring.

5. Hereregte

Die nuwe koerse vir hereregte ten opsigte van eiendom wat vanaf 1 Maart 2016 oorgedra word, is soos volg:

Koerse vir hereregte	
Belasbare inkomste (R)	**Belastingkoers (R)**
R0 - R750 000	0% van eiendomswaarde
R750 001 - R1 250 000	3% van eiendomswaarde bo R750 000
R1 250 001 - R1 750 000	R15 000 + 6% van eiendomswaarde bo R1 250 000
R1 750 001 - R2 250 000	R45 000 + 8% van eiendomswaarde bo R1 750 000
R2 250 001 - R10 000 000	R85 000 + 11% van eiendomswaarde bo R2 250 000
R10 000 001 en meer	R937 500 + 13% van die eiendomswaarde bo R10 000 000

6. Mediese Belastingkrediete

Vanaf 1 Maart 2016 is die aanvanklike maandelikse belastingkrediet (vir bydraes tot mediese skemas) vir alle belastingbetalers R286, en vir 'n belastingbetaler en sy/haar eerste afhanklike is dit R572. 'n Addisionele krediet van R192 word aan elke addisionele afhanklike toegestaan.

- Vir belastingbetalers wat jonger as 65 is, sal 'n addisionele belastingkrediet toegestaan word teen 'n bedrag gelyk aan 25% van die somtotaal van:
  - die bedrag waarmee hul bydrae vier keer hul belastingkrediet (vir bydraes) oorskry, plus
  - uitgawes uit hul eie sak

  bo 7.5% van hul belasbare inkomste (enige aftreefonds-enkelbedragvoordeel, aftreefonds-enkelbedragonttrekkingsvoordeel en skeidingsvoordeel uitgesluit).

- Vir belastingbetalers wat 65 of ouer is, of gestrem is of gestremde afhanklikes het, sal 'n addisionele belastingkrediet toegestaan word teen 'n bedrag gelyk aan die somtotaal van:
  - 33.3% van die bedrag waarmee hul bydrae drie keer hul belastingkrediet (vir bydraes) oorskry, plus
  - 33.3% van uitgawes uit hul eie sak.

Die addisionele belastingkrediet wat aan werknemers van 65 jaar en ouer ten opsigte van hul bydraes tot mediese skemas toegestaan word, kan ook in die maandelikse LBS-berekenings in ag geneem word. Hierdie fasiliteit word ook aan voorlopige belastingbetalers van 65 jaar en ouer toegestaan.

7. T-dag Aftreehervormings

Die sogenaamde T-daghervormings is die volgende:

<u>Belasting van werkgewerbydraes</u>
Vanaf **1 Maart 2016**:

- sal bydraes deur werkgewers aan alle aftreefondse as byvoordele in die hande van die werknemers belas word. Voorsiening is gemaak vir 'n formule om die byvoordeel-insluitingsbedrag ten opsigte van werkgewerbydraes aan vastevoordeelfondse te bereken;
- kan die volle werkgewerbydrae deur die werkgewer afgetrek word.

Ooreenstemmende en verbeterde aftrekkingstruktuur

Individuele lede se belastingaftrekkings ten opsigte van pensioen-, voorsorg- en uittredingannuïteitfondse sal vanaf **1 Maart 2016** gekonsolideer word. Sulke bydrae-aftrekkings sal beperk word tot 27.5% van vergoeding of belasbare inkomste (aftree-enkelbedrae en skeidingsvoordele uitgesluit), wat ook al die hoogste is. En die maksimum bedrag vir lidbydraes tot alle aftreefondse waaraan 'n lid behoort, is R350 000 per jaar. Vir die doeleindes van hierdie aftrekking sal "belasbare inkomste" nou passiewe inkomste insluit en belasbare kapitaalwins uitsluit.

In die meeste pensioen- en voorsorgfondse sluit die werkgewerbydrae die administrasie- en risikokoste in. Soos hierbo genoem, is alle werkgewerbydraes byvoordele wat in die hande van die werknemers belas word. Enige werkgewerbydraes wat byvoordele was en in die werknemer se hande belas is, word geag deur die werknemer gelewer te wees vir die doeleindes van die aftrekking wat die werknemer dan eis.

Bydraes wat die toelaatbare aftrekkingsperk oorskry, word geag in die volgende jaar gelewer te wees en sal aftrekbaar wees onderhewig aan die perke wat in daardie jaar van toepassing is.

Enige bydraes wat nie as aftrekkings gebruik is nie wanneer die lid die fonds verlaat, kan verreken word teen die lid se aftreevoordele by aftrede – eers teen die enkelbedrag en dan teen die annuïteitinkomste.

Hoër drempel vir omskepping by aftrede

Tans moet aftreefondslede (behalwe lede van voorsorg- en voorsorgbewaringsfondse) by aftrede uit die fonds met minstens twee derdes van hul aftreevoordeel 'n annuïteit koop, tensy hul aftreevoordeel minder as R75 000 is. Hierdie drempel styg op 1 Maart 2016 tot R247 500. Alle aanduidings is dat hierdie verhoging nie op die omskepping van konvensionele en leeftydannuïteite van toepassing sal wees nie.

Annuïtisering van voorsorgfondse

Daar is voorgestel dat die T-dagvoorstel wat sekere voorsorg- en voorsorgbewarings-fondslede verplig om by aftrede 'n annuïteit te koop, tot 1 Maart 2018 uitgestel word.

8. Belastingvrye Spaarrekeninge

Met ingang van 1 Maart 2015 het artikel 12T van die Inkomstebelastingwet Belastingvrye Spaarrekeninge vir individue in die Suid-Afrikaanse beleggingsmark beskikbaar gestel:

- Bydraes is onderhewig aan ’n jaarlikse perk van R30 000 en ’n leeftydperk van R500 000.
- Beleggingsopbrengste, groei en uitbetalings ten opsigte daarvan is belastingvry.
- Die implementeringsdatum om oordragte tussen diensverskaffers toe te laat, sal van 1 Maart 2016 na 1 November 2016 uitgestel word.

Old Mutual verskaf hierdie beleggings al sedert 1 Maart 2015.

9. “Sondebelasting” en Heffings

Die volgende verhogings is voorgestel:

- Belasting op ’n pakkie van 20 sigarette styg met 82c
- Belasting op ’n blikkie bier (340 ml) styg met 11c
- Belasting op ’n bottel wyn (750 ml) styg met 18c
- Belasting op spiritualieë styg met R3,94 per bottel (750 ml).

Die regering stel voor dat die algemene brandstofheffing met 30c/l verhoog word vanaf 6 April 2016. Dit sal die algemene brandstofheffing opstoot tot R2,85 p/l petrol en R2,70 p/l diesel.

’n Bandeheffing van R2,30 p/kg word voorgestel vir nuwe en versoolde bande vanaf 1 Oktober 2016.

Die regering stel voor dat belasting op koeldrank met suiker vanaf 1 April 2017 ingestel word om oormatige suikerinname te help verminder.

10. Program vir Vrywillige Openbaarmaking

Daar word voorgestel dat die reëls ten opsigte van vrywillige openbaarmaking vir belastingbetalers wat nie aan die regulasies voldoen nie, met nie-verklaarde bates in die buiteland, vir ’n tydperk van ses maande vanaf 1 Oktober 2016 verslap word, om sulke belastingbetalers aan te moedig om hul belastingsake in ooreenstemming met die regulasies te bring.

11. Ander Voorstelle

Belastingbehandeling van Trusts

Daar word voorgestel dat bates wat via ’n leningsrekening na ’n trust oorgedra word, by die stigter se dood by sy/haar boedel gevoeg word. Nog ’n voorstel is om rentevrye lenings aan trusts as skenkings te klassifiseer, wat moontlik aan skenkingsbelasting onderhewig kan wees. ’n Verdere voorgestelde maatreël is om die gebruik van diskresionêre trusts vir die verdeling van inkomste en ander belastingvoordele te beperk.

Maatskaplike Welsynshervormings

Die regering het onderneem om teen die middel van die jaar nog ’n dokument uit te reik waarin hul planne vir ’n omvattende maatskaplike welsyn-hervormingsprogram uiteengesit word.

Nasionale Gesondheidsversekering (NGV)

’n Opvolgdokument vir die NGV-dokument wat in Augustus 2011 uitgereik is, is onlangs vrygestel. Die regering het onderneem om ’n dokument uit te reik waarin sy befondsingsvoorstelle kortliks geskets word.

Hervormings in die Finansiële Sektor

Die regering beoog om Suid-Afrika as ’n finansiële sentrum vir Afrika te posisioneer, deur op verskeie inisiatiewe te fokus om dit makliker te maak om hier sake te doen.

Die hervormings rondom ’n tweeledige finansiële reguleringsmodel vir die afsonderlike regulering van omsigtigheid en markgedrag is op dreef, met die verwante en versekeringswetsontwerpe wat onlangs ter tafel gelê is. Oor die kort termyn fokus die Raad op Finansiële Dienste (RFD) op spesifieke markgedrag wat kommer wek, soos die afbakening van mediese skemas, beslaglegging op vergoeding van staatsamptenare, en misbruike van verbruikerskredietversekering.

Ander Hervormings in die Aftreesektor

Nog hervormings wat aan die kom is, sluit in:

- Outomatiese insluiting van werknemers by aftreefondse
- Fondskonsolidasie
- Om beleggings-, bewarings- en annuïtiseringsfondse se verstekmeganismes reg te kry/gebreke reg te stel
- Om die koste van aftreefondsprodukte te vereenvoudig en te verminder
- Om doeltreffende bemiddeling te verseker.

Gevolgtrekking

Die 2016-Begroting is allerweë as die moeilikste begroting in die jongste tyd beskou. Minister Gordhan het ’n begroting voorgelê wat verskeie uiteenlopende agendas probeer dek – waaronder maatreëls om armoede en werkloosheid te verlig; om aandag te gee aan die wanbalanse in die onderwys, maatskaplike welsyn, aftree- en gesondheidsvoorsiening, en die verbetering van infrastruktuur. Die Begroting stel ook maatreëls voor om die ekonomie te laat groei en Suid-Afrika se fiskale gordel in te trek en sodoende ’n afgradering van die land se kredietstatus te vermy.

Die befondsing van hierdie agendas is ’n groot uitdaging in die huidige ekonomiese omgewing wat Suid-Afrika moet trotseer. Minister Gordhan het aangedui dat R15 miljard per jaar ingesluit is as begrotingsinkomste voortspruitend uit belastingvoorstelle in die 2017/2018- en 2018/2019-Begrotings. Opsies om hierdie inkomste te verkry, sluit ’n verhoging van marginale persoonlike inkomstebelastingkoerse in, die instelling van ’n nuwe persoonlike inkomstebelastingkerf, verhoging van die BTW-koers en/of verhogings van ander belastings.

Die 2016-Begroting het benadruk hoe nodig dit is dat belastingbetalers hul swaarverdiende geld op ’n belastingdoeltreffende wyse belê. In hierdie verband kan die belastingvoordele van aftreefondse en belastingvrye spaarrekeninge nie oor die hoof gesien word nie.

Minister Gordhan het op alle Suid-Afrikaners ’n beroep gedoen om te help om hierdie uitdagings die hoof te bied. Old Mutual en Nedbank het onlangs op hierdie pleidooi gereageer deur ’n sake-afvaardiging na die regering te lei, waarin Ralph Mupita (Uitvoerende Hoof van Old Mutual Ontluikende Markte) en Mike Brown (Uitvoerende Hoof van Nedbank) verklaar het*:*

“Ons is almal verbind tot ’n florerende Suid-Afrika, en Old Mutual en Nedbank speel ’n sterk leiersrol in hierdie gesprekke… om werkbare oplossings te vind vir uitdagende kwessies waarmee ons land te kampe het.”

Hierdie verklaring sluit aan by minister Gordhan se stelling dat ons taai, toegewyd en vindingryk is.

LET WEL: DIE INLIGTING IN HIERDIE OMSENDBRIEF BERUS OP VOORSTELLE SOOS VERVAT IN DIE NASIONALE BEGROTINGSREDE WAT OP 24 FEBRUARIE 2016 IN DIE PARLEMENT GELEWER IS. DIT BLY VOORSTELLE TOTDAT DIE VOORSTELLE FORMEEL IN WETGEWING UITGEVAARDIG WORD.

Inkomstebelasting-berekeningsprogram

Om u maandelikse inkomstebelasting te bereken en dit met verlede jaar s'n te vergelyk, kan u Old Mutual se Inkomstebelasting-berekeningsprogram gebruik, wat bygewerk is om ook die nuwe belastingbedeling van toepassing op aftreefondse in te sluit. U sal dus die voordele van die aftreehervormings ten opsigte van u inkomstebelasting kan sien.

Hierdie berekeningsprogram neem u **maandelikse** inkomste, aftreebydraes, bedrae vir mediese uitgawes en u werkgewer se bydrae tot risikovoordele en aftreefondse in ag. Klik net op die volgende skakel om by die program uit te kom:

http://www.oldmutual.co.za/markets/south-african-budget/income-tax-calculator

Saamgestel deur: Personal Finance Legal & Product Legal
Datum: 24 Februarie 2016